bevolkingsgroepe”. Met die eksklusiewe omskrywing is die moontlikheid uitgeslote vir ’n burger wat nie tot die omskrewe bevolkings- of kulturele groep behoort nie om ’n bykomstige gade wettig te trou en sodoende ’n ekstra skoonmoeder te verwerf. Skrale troos is die wete dat ook die Europese verdragstate nie verplig is om enige erkenning aan bigame verbintenisse as poligene huwelike te verleen nie (Van Grunderbeeck 219–220 en die uitvoerige gesag aldaar).

2 Lastiger is die kwalifikasie in die aanvangsformulering hierbo dat geen ander statusbelemmering (dan dat die partye beide ten tyde van huweliksluiting mondig en nie reeds getroud met ’n ander mag wees nie) die kompetensie om ’n huwelik te kan sluit van voornemende huweliksluiters demp nie.

Gestel ’n lewenslustige maar effe vergeetagtige tagtigjarige wat om dié rede reeds ’n *curator bonis* het om hom met sy finansiële sake by te staan, wil in die spreekwoordelike beseringstyd tog nog in die aftree-oord waar hy versorg word ’n huwelik sluit met ’n eweneens bejaarde inwonerster. (Die verliefdes is van mening dat sonder ’n wettige huwelik hulle in die moeilikheid mag beland as hulle sommer net saamhok en die kerk wil nie sodanige verhouding inseën tensy dit ook wettig ’n huwelik is nie – sien Beskrywingspunt B12.4 van Die Algemene Sinode van die NG Kerk (2002) 436.) Sekerlik kan die hoogs persoonlike regshandeling van huweliksluiting nie afhanklik gestel word van die bystand deur sy benoemde *curator bonis* nie (*Pienaar v Pienaar’s Curator* 1930 OPD 171 174). In beginsel bestaan immers by ontstentenis van uitdruklike andersluidende regsreëls geen bystand tot die verrigting van hoogs persoonlike regshandelinge soos testering en huweliksluiting nie – die gemeenregtelike huweliksluiting “met die handskoen” word trouens verbied (a 29(4) van Wet 25 van 1961) en die postume huwelik het nooit hier posgevat nie. (In die Franse reg is wel erkenning verleen aan laasgenoemde veral as uitweg om kinders “egtelik” te ag.)

Die Duitse reg stel uitdruklik as deel van die huwelikspesifieke voorskrifte dat die voornemende eggenote handelingsbevoegd moet wees, “Wer geschäftsunfähig ist, kann eine Ehe nicht eingehen” (§ 1304 *BGB*), terwyl die Suid-Afrikaanse Huwelikswet geen gelykluidende statutêre voorskrif het nie. Coester-Waltjen (“Formation of marriage” in Glendon (red) *IV International Encyclopedia of Comparative Law* (1997) 41–44) toon dat verskillende Europese stelsels verskillende maatreëls ten aansien van huweliksbeletsels vir geestesgebrekkiges het, maar dat deurgaans daarvan uitgegaan word dat die pasiënt wel mag trou hoewel die gevolge in die pasiënt se eie belang beskermend beperk word.

Die Belgiese Wetboek bepaal uitdruklik dat onderskei word tussen die wilsbevoegdheid benodig om te wil trou en die bekwaamheid om te mag trou. Daar word ook uitdruklik bepaal dat die blote aanstelling van ’n geregtelike raadsman of kurator, soos ook van ’n “voorlopige” bewindvoerder, hoogstens dien ter aanvulling van ’n begrensde bevoegdheid om regshandelinge sonder sodanige bystand te mag verrig met uitgesproke vermoënsregtelike gevolge. Die geregtelike raadsman of bewindvoerder se instemming of bystand word nie sonder meer binne die formulering van artikel 509 *BW* vereis vir huweliksluiting deur ’n meerderjarige wat wilsbevoeg is nie. (Sien Swennen *Geestesgestoorden in het burgerlijk recht* (2000) 711 n 5056 ev mbt die bekwaamheidsvereistes tav persone onder kuratele.) Swennen betoog oortuigend dat ook ’n *curandus* steeds ’n reskapasiteit aan persoonlikheidsreg behou wat sover as moontlik eerbiedig moet word onder andere deur erkenning te verleen aan die kompetensie om ’n wettige huwelik te mag aangaan mits die reg voorsiening maak dat geen derdes

byvoorbeeld vermoënsregtelik daardeur benadeel sou word nie (717). Dit is ook die aanbeveling van die Raad van Europa. (Sien beginsel 3.2 van Aanbeveling R (99)4 van die Raad van Europa waarna Swennen 717 n 5106 verwys.)

Die Nederlandse artikel 1:382 *BW* laat eweneens geen twyfel dat die blote benoeming van 'n kurator vir 'n persoon (bv weens sy verkwistende neigings of drankmisbruik) geensins sy bekwaamheid om familieregtelike regshandelinge te verrig, beïnvloed nie. Saamgelees met artikel 1:378 *BW* dek die formulering van dié twee voorbeelde van oorsake vir die plasing onder kuratele klaarblyklik nie die derde moontlikheid vermeld in artikel 1:378.1a *BW* nie: “Een meerderjarige kan door de rechtbank onder curatele worden gesteld: a. wegens een geestelijke stoornis, waardoor de gestoorde, al dan niet met tussenpozen, niet in staat is of bemoeilijkt wordt zijn belangen behoorlijk waar te nemen.” Hierdie formulering is klaarblyklik ook van toepassing op 'n Alzheimerpatiënt en senior burger wat ly aan toenemende demensie en sodanige *curandus* behoef wél die bystand van die kantonregter (maar nie van sy kurator nie) vir huweliksluiting: “Hij die wegens een geestelijke stoornis onder curatele staat, mag geen huwelijk aangaan zonder toestemming van de kantonrechter” (a 1:38 *BW*). Die indruk bestaan dat die kantonregters nie self as kwasie-psigiaters fungeer nie maar nie sonder vooraf inspraak van die naaste familieledede van die voornemende huweliksluiter en sy arts sy toestemming verleen nie. Die inspraak plaas die klem op die mate waarin die voornemende huweliksluiter met inagneming van alle omringende omstandighede as *verstandig* geag word. (Sien Koens en Vonken *Personen- en familie-recht* (2006) 73–74.)

**3** Hoewel statusbeperking ook in die Suid-Afrikaanse reg 'n gevolg van die sekwestrasie van 'n reghebbende van 'n insolvente boedel is en hy nie sonder die medewerking van die kurator van sy bankrotboedel regshandelinge kan verrig wat potensieel nadelige vermoënsregtelike gevolge vir hom kan inhou nie, word nêrens beweer dat 'n insolvent wat onder sodanige beperking op sy handelingsbevoegdhede gebuk gaan, om dáárdie rede nie mag trou nie.

Gemeenregtelik was daar ook geen beletsel teen huweliksluiting deur 'n verklaarde verkwister nie – wat veelseggend is indien aanvaar word dat verkwistende neigings tot sekwestrasie van 'n bankrot reghebbende van die insolvente boedel kan voer. Brouwer, die erkende gesaghebbende ou-skrywer oor die huweliksreg vermeld:

“Die verlowing wat deur 'n verkwister sonder sy kurator aangegaan is, terwyl die beskikking oor sy goed deur die praetor vir hom verbied is, is bindend en geldig. Want aangesien 'n verkwister nêrens in ons reg verbied word om sonder sy kurator 'n huwelik te kontrakteer nie, behoort dieselfde beslissing aangaande die vestiging van 'n verlowing vir ons te bestaan” (*De jure connubiorum* (1714) 1 4 18 – vert Van Warmelo en Bosman).

Die helder logika wat die beredenering van die aangeleentheid by Brouwer onderlê, werk steeds verfrissend en wat hy destyds formuleer het ten aansien van verkwisters kan sonder omhaal vandag toegepas word op vergeetagtige effe demente bejaardes wat eweneens om dieselfde redes liefs 'n kurator benodig om hul met die bestuur van hul sake behulpsaam te wees. Dit is egter ver verwyder daarvan om te beweer dat sodanige *curandus* om dusdanige redes huweliks-onbekwaam en enige huwelik gesluit sonder die bystand van die kurator sonder meer nietig moet wees:

“[W]at sou die rede wees dat die verkwister nie 'n huwelik kan beloof sonder dat die toestemming van sy kurator bygekom het nie? Aangesien hy by sy volle

verstand is, kan hy toestem, en sy persoon is ook nie onderhewig aan die kuratele van 'n ander nie . . . want [die benoeming van 'n kurator is bloot omdat] die beheer van sy goed nie aan hom toevertrou is nie, nie asof hy werklik 'n rasende en iemand met onbeheerste verstand is nie, maar omdat hy nie oor gesonde gewoontes beskik nie: met dié gevolg dat daar 'n vrees bestaan dat hy 'n kranksinnige gevolg sal bewerkstellig deur sy goed te vermors, te verkwis en oordadig uit te gee" – Brouwer 1 4 18.

Die hantering van die beperkte handelingsbevoegdheid van 'n gesekwestreerde binne die raamwerk van artikel 23(2) van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet 24 van 1936 strook met die voorgaande vertrekpunte.

“Die feit dat iemand wat 'n kontrak aangaan, insolvent is, doen geen afbreuk aan die geldigheid van daardie kontrak nie, *mits die insolvent daardeur nie voorgee om goed van sy insolvente boedel te vervreem nie*: Met dien verstande dat 'n insolvent *nie sonder skriftelike toestemming* van die kurator van sy boedel 'n *kontrak mag aangaan nie wat 'n nadelige uitwerking het of waarskynlik sou hê op sy boedel of op 'n bydrae tot sy boedel* waartoe hy verplig is, maar in beide gevalle behoudens die bepaling van sub-artikel (1) van artikel vier-en-twintig” (my kursivering).

Die gesekwestreerde gaan immers net onder 'n beperking van sy handelingsbevoegdheid gebuk en word nie plotseling algeheel regsonbevoegd nie. Dit impliseer dat niesteenstaande die feit dat 'n finale sekwestrasiebevel teen die voornemende bruidegom uitgevaardig is, hy steeds as insolvent in die huwelik kan tree met sy gewillige bruid. Daar word ook trouens nêrens in die Huwelikswet 25 van 1961 voorsiening gemaak dat die kurator van die bankrotboedel van 'n insolvent hom met sy huweliksluiting moet bystaan nie. Die Wet maak net voorsiening daarvoor dat minderjariges (nou diegene wat nog nie agtien jaar oud is ten tyde van huweliksluiting nie) deur beide hul ouers as voogde bygestaan moet word (a 24 van Wet 25 van 1961 saamgelees met a 1(2)(a) van die Wet op Voogdy 192 van 1993). Dít niesteenstaande die feit dat huweliksluiting sekerlik ook vermoënsregtelike gevolge vir die partye inhou ongeag welke huweliks-goedereregtelike bedeling op hul huwelik van toepassing gemaak word.

Die algehele afwesigheid van enige gerapporteerde regspraak in dié verband laat die indruk dat ongerehabiliteerde gesekwestreerdes nie ideale huweliksmateriaal uitmaak nie. Menige voornemende bruid se vader let moontlik onbewustelik op die solvensie van die kavalier met sy direkte navraag oor die vryer se geskiktheid om sy voornemende bruid en eventuele nageslag te kan onderhou, alvorens die seën oor die voorgename huwelik uitgespreek word. Sou die bruidegom wel nog 'n ongerehabiliteerde insolvent wees, sal die versigtige ouers van die bruid haar waarskynlik ferm oorreed om nie in gemeenskap van goed te trou nie. Die bruidegom sal in so 'n geval waarskynlik wel deur die kurator van sy insolvente boedel in die verlyding van die huweliksvoorwaardeskontrak bygestaan moet word aangesien geargumenteer kan word dat dít 'n regshandeling is waarvoor die insolvent nie oor die nodige ongekwalifiseerde handelingsbevoegdheid beskik indien die klousules in die kontrak enige gevolg wat in artikel 23(2) van die Insolvensiewet vermeld word, te weeg sou bring.

Sonder die verlyding van 'n geldige huweliksvoorwaardeskontrak wat minstens gemeenskap van goed en van wins en verlies uitsluit, loop die solvente bruid immers gevaar om dadelik na huweliksluiting ook bloot te staan aan die onbevredeigde skuldeisers van haar ongerehabiliteerde insolvente man as gesamenderhandse mede-eienaar van die gemeenskaplike boedel waartoe haar bankrot man slegs sy skuld bygedra het. Hoewel die uitstaande verpligtinge van die man reeds vóór huweliksluiting gevestig het, sal dit as uitstaande verpligting

deel vorm van die boedel van die man wat met huweliksluiting in die gemeenskaplike boedel val. Anders as wat die geval met sogenaamde na-sekwestrasieskulde is wat nie deel van die insolvente boedel vorm nie, het die Suid-Afrikaanse reg nog nie na voorbeeld van die Nederlandse *Hamm*-arres meevalers van ná sekwestrasie in 'n afsonderlike kompartement geplaas ten einde dit van die verhaal van die skuldeisers van die bankrotboedel te vrywaar nie (sien die bespreking van die regsposisie nav *De Ontvanger v Hamm* HR 5 Sept 1997, NJ 1998, 437 by Sonnekus “Transfer of funds and the *rei vindicatio*?” in Zwolve en Koops (reds) *The past and future of money* (2008) 40–102).

Net soos die gesekwestreerde erfregtelike bevoordeelde nie kan verhinder dat 'n erfregtelike bevoordeling wat hom toeval deel van die verhaalsobjek van sy skuldeisers vorm nie, sou die skuldeisers van die bankrotboedel van die man na die meevaller van die huweliksluiting in gemeenskap van goed deur hul bankrot skuldenaar eweneens van vreugde juig. (Sien *Du Plessis v Pienaar* NO 2003 1 SA 671 (HHA); Sonnekus “Privé bates van gades getroud in gemeenskap – insolvensie en die erfreg” 2003 TSAR 575–579.) Hoewel die bruid dus nie ook die status van 'n insolvent “erf” met huweliksluiting in gemeenskap van goed met haar bankrot bruidegom nie, sal dit die gevolg wees indien haar bates wat nou deel van die gemeenskaplike boedel vorm minder is as die uitstaande verpligtinge van die bruidegom. Nieteenstaande die feit dat dit nie die nuwe gemeenskaplike boedel is wat destyds bankrot verklaar was met die sekwestrasie van haar man nie en sy om daardie rede nie ook die gebrekkige status van 'n insolvent sonder meer verwerf nie, loop sy gevaar om die onbevredigde skuldeisers van die insolvent te moet afweer. Slegs in die geval van die ontbinding van die gemeenskaplike boedel, hetsy met die ontbinding van die huwelik of met toepassing van artikel 20 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984, sal sy die hof kan vra om haar belange te beskerm. In die geval van egskeiding sou ook om 'n verbeurdverklaringsbevel ingevolge artikel 9 van die Wet op Egskeiding 70 van 1979 aansoek gedoen kan word mits aan daardie vereistes voldoen word. Sy sal dus goed geadviseer wees om wel 'n huweliksvoorwaardeskontrak met koue uitsluiting te oorweeg: jou goed én jou skuld is joue en myne bly myne alleen.

4 In die lig van die voorgaande gevolgtrekking dat die blote feit dat 'n persoon wat byvoorbeeld weens sekwestrasie onder die statusbeperking van beperkte handelingsbevoegdheid gebuk gaan, se kompetensie om 'n wettige huwelik te kan sluit nie sonder meer beperk word nie, word vervolgens gelet op die uitwerking op 'n *curandus* se bevoegdheid om sonder bystand 'n huwelik te mag sluit indien hy as senior burger weens voortsluipende “verkalking van die are” onder kuratele geplaas is.

In enkele gerapporteerde uitsprake is tersluitse opmerkings te vind wat dit leen vir die waninterpretasie as sou alle persone wat nie meer ten volle handelingsbevoegd is nie om die rede ook totaal onbevoeg wees om 'n geldige huwelik te kan sluit. In *Francescutti v Francescutti ex parte Francescutti* 2005 2 SA 442 (W) beslis regter Willis:

“The leading case on the question of a person having the mental capacity to enter into a valid marriage is the case of *Lange v Lange* 1945 AD 332. In that case the court referred with approval to the judgment of Innes CJ in *Pheasant v Warne* 1922 AD 481 at 488, where the test for a valid marriage was expressed in the following terms:

‘[W]hether the person concerned is incapable of managing his affairs.’

In other words, it seems to me obvious that, if one finds, as a matter of fact and law, that Mr Francescutti senior was incapable of managing his own affairs on 19 November 2003, he would be incapable of concluding a valid marriage” (448F–G).



In daardie geval is bevind dat die tagtigjarige ten tyde van huweliksluiting nie in staat was om sy eie sake te behartig nie en was die huwelik dus nietig (448D). In werklikheid volg nie uit die gemenerereg dat iedere beperking op die handelingsbevoegdheid van die voornemende gade sy gevolglike huweliksluiting nietig maak nie. Dit sal wel die geval wees as hy dermate geestesongeskik is dat hy hoegenaamd nie die aard van die tersake regshandeling (heweliksluiting) kan begryp nie, maar dit is iets anders as om die gevolg van huweliksonbekwaamheid sonder meer te koppel aan 'n beperking op sy handelingsbevoegdheid – anders mag geen ongerehabiliteerde insolvent trou nie, en dit is nie waar nie.

In *Pheasant v Warne* 1922 AD 481, waarna die hof in *Francescutti* vir gesag verwys, het huweliksluiting nie ter sprake gekom nie, maar wel spesifieke nakoming van 'n koopkontrak. Om dan uit 'n *obiter*-opmerking van hoofregter Innes só 'n afleiding ten aansien van huweliksonbekwaamheid in die algemeen te maak, is minder oortuigend. Om die rede is ook die beroep op die destydse *Lange*-saak nie sonder meer oortuigend nie want geen getuienis is in die hof *a quo* gelei oor die geestetoestand van die gedepoteerde krygsgevangene ten tyde van sy huweliksluiting in 1940 nie. Die enigste mediese getuienis het betrekking gehad op sy moontlike geestestoestand in 1942 en tog het die appèlhof die appèl gehandhaaf en die huwelik nietig verklaar op grond van die vermeend demente toestand van die destydse bruidegom (1945 AD 332 334–335). Die hof het aanvaar dat hy waarskynlik so ver heen was dat hy nie die aard van die huwelik kon waardeer het nie. Ook in dié geval is daar nie sprake van 'n persoon onder kuratele se huweliksbevoegdheid nie, maar wel van die algehele handelingsbevoegdheid van 'n geesteskranke. Dit is ook in ooreenstemming met Voet 23 2 6 se opmerking “the consent of the very persons who contract marriage is so far needful that the lack of it renders a marriage *ipso iure* void. This happens if a person is insane when he contracts it” (vert Gane), waarna die hof tersluiks in *Lange* (341 – dog met ander vertaling) verwys het. Uit die bespreking van die vereiste deur Voet is dit egter duidelik dat gemeenregtelik die klem op die werklike geesteskrankheid of kranksinnigheid van 'n voornemende gade geval het en dat die blote feit dat 'n vergeetagtige oupa 'n *curator bonis* het om hom met sy finansiële sake by te staan, geensins as analoog hanteer is en om daardie rede die oupa huweliksonbekwaam sou maak nie. In die “moderne” reg waarna Voet later in dieselfde teks verwys ten einde dit van die “ou” Romeinse reg te onderskei, verskuif die klem na die versigtige afweeg van die nakoming van dié vereistes reeds by die verlowingsooreenkoms en die opgawe van die gebooie om juis sodoende vroegtydig te kan bepaal of die voornemende gades die aard van hul regshandeling begryp. Die insolvent soos die verkwister onder kuratele waarna Brouwer en Voet verwys, gaan nie in dermate onder sodanige statusgebrek gebuk dat hy huweliksonbekwaam is nie.

Meer oortuigend én gepas vir die hof in *Francescutti* sou 'n verwysing na die uitspraak van regter Solomon in *Prinsloo's Curators Bonis v Crafford and Prinsloo* 1905 TS 669 wees. In daardie saak moes die hof beslis oor die aansoek van die benoemde *curator bonis* ter nietigverklaring van die *curandus* se huwelik in gemeenskap van goed met Crafford terwyl hy nog formeel onder kuratele was. Die hof bevind egter dat alle getuienis daarop dui dat die *curandus* ten tyde van die huweliksluiting ten volle by sy positiewe was en die aard en gevolge van sy huweliksluiting in gemeenskap van goed terdeë begryp het (673–674). Die hof wys om die rede die aansoek van die kurator van die hand en bevestig dat die huwelik geldig is én die vermoensregtelike gevolge van die huwelik die normale verstekposisie van in gemeenskap van goed is. (Dit blyk dat die kurator

verkeerdelik van die *curandus* se swak beheersing van Engels afleidings oor die vermeende geestesongeskiktheid van die *curandus* gemaak het, terwyl die medici wat wél met hom in sy moedertaal kon kommunikeer, bevind het dat hy ten volle *capax* was. Dít is 'n vroeë voorbeeld waar die taalbehindering van die assessor die geassesseerde verkeerdelik ten nadeel gereken is – 675.)

**5** Gestel die voornemende bruidegom is 86 jaar oud, reeds meer as anderhalf jaar onder kuratele geplaas deur 'n gepaste bevel van die hoë hof weens stadig aftakelende Alzheimers en die *curator bonis* wat vir hom benoem is, voer bewind oor sy aansienlike boedelbates van R20 miljoen. Gestel voorts die voornemende bruid is nie die ou tante van die vorige voorbeeld nie, dog 'n blondine van kwalik 25 maar met 'n wêreldwyse blik wat beweer sy wil haar geliefde nét vir die liefde van die saak trou. Indien die *curandus* sonder die bystand van sy *curator bonis* kan trou, sal die huwelik klaarblyklik regsgeldig wees mits die huweliksbevestigter hom vergewis dat daar regtens geen beletsel teen die huwelik ingebring kan word nie én mits hy alle formaliteitsvereistes vir die voltrekking van die huwelik stiptelik nakom. Ervaring hier te lande en ook in Nederland bevestig dat huweliksbevestigters geneig is om minder presies met die materiële regsvereistes by huweliksbevestiging (soos trouens die getuies by testamentsverlyding ook doen) om te gaan en eerder op die strikte nakoming van die formaliteitsvereistes konsentreer.

**6** Daar word sonder meer aanvaar dat die *curandus* in die voorbeeld (in § 5 hierbo) nie sonder die bystand van sy *curator* 'n geldige huweliksvoorwaardeskontrak kan laat verly nie. Die huweliksvoorwaardeskontrak is per definisie 'n ooreenkoms wat vermoënsregtelike gevolge vir die boedel van die *curandus* meebring en gevolglik ontbreek dit aan die nodige handelingsbevoegdheid om sodanige regshandeling sonder bystand te kan verrig. Daar kan egter geargumenteer word dat ook die “besluit” om sonder 'n huweliksvoorwaardeskontrak te trou vermoënsregtelike gevolge meebring omdat daardeur met huweliksluiting 'n gemeenskaplike boedel ontstaan waartoe beide gades onverdeelde halwe aandeelhouders of reghebbendes is weens die aard van die gebonde mede-eienaarsverhouding. Hoewel nie sprake is van 'n formele eiendomsoordrag tussen die gades waarvoor nakoming van alle vereistes van *traditio* vereis word nie, kom dit wél neer op 'n “eiendomsoorgang” as vermoënsverskuiwing. Indien dié betoog aanvaar sou word, sou dit weliswaar nie die nietigheid van die huwelik meebring nie, maar minstens 'n herbesinning oor die vermoënsregtelike gevolge van sodanige huwelik noodsaak hoewel onduidelik is kragtens welke bevoegdheid. Gemeenregtelik word nie gewag gemaak van 'n inherente bevoegdheid van die hof om sonder meer in te meng in die effektiewe huweliksvermoënsregtelike bedeling wat op 'n geldige huwelik van toepassing is nie, sodat sonder statutêre nuutreëling in die verband 'n hof se bevoegdheid om wel in te meng, verdag is.

**7** Die Transvaalse hoë hof in Pretoria het in November 2007 die aansoek van die hand gewys van die rekenmeester wat in 2006 as *curator bonis* vir die bejaarde mnr Lehmann aangestel is om die huwelik van die bejaarde *curandus* wat eerder die jaar in gemeenskap van goed gesluit is, nietig te verklaar. (Sien *Ex parte Botha: in re Lehmann en Van Rensburg* saakno 23016/2007 ongerapporteerde uitspraak van Botha R van 2007-11-26.)

Die hoë hof het in *Lehmann* bevind dat onomstootlike getuienis gelei is om te bevestig dat die bejaarde inderdaad ten tyde van huweliksluiting voldoende

*compos mentis* en dus wilsbevoeg was om te kon trou. Daarmee is dus bevind dat niks met die geldigheid van die huwelik haper nie. In die opsig volg die deurdagte uitspraak dus in die spoor van die *Prinsloo*-saak 1905 TS 669 en die betoeg van Brouwer van ouds.

Die hof het egter *mero motu* die egpaar *gelas* om 'n aansoek te bring om hul huweliksgoedereregterelike bedeling te wysig ván binne gemeenskap van goed ná “een van 'n huwelik buite gemeenskap van goed onderworpe aan die aanwas bedeling” (bevel 2). Hoewel die gewentheid en billikheid van dié bevel (of selfs van 'n bevel om na koue uitsluiting te verander) buite kyf is, bestaan onduidelikheid kragtens welke bevoegdheid die hof sodanige bevel kon verleen en of dit impliseer dat die kurator dan wel die *curandus* moet bystaan met die verlyding van die aangeduide huweliksvoorwaardeskontrak.

Daar word aanvaar dat die latere aansoek om wysiging van die vermoënsbedeling soos gelas ingevolge artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 gebring sal moet word met nakoming van alle statutêre en praktyksvereistes aangesien dit die enigste manier is waarop wettig 'n aansoek om wysiging van 'n andersins geldige huweliksbedeling ontvanklik kan wees en waarlangs die registrateur gelas kan word om die nuwe huweliksgoedereregterelike bedeling op die huwelik van toepassing te maak. (Sien die bykomende vereistes vermeld in *Ex parte Lourens* 1986 2 SA 291 (K) 293B–E wat sedertdien in alle afdelings van die hoë hof toegepas word.)

Aangesien artikel 21(1) slegs voorsiening maak vir die nuutreëling van die *toekomstige* huweliksgoedereregterelike bedeling van gades se sake, maar *geen terugwerking* geniet nie, sal sodanige wysiging nie die probleem dat die bruid reeds met huweliksluiting aanspraak op die halwe onverdeelde aandeel van die gemeenskaplike boedel verwerf het, uit die weg ruim nie. Trouens, die gevolg van enige nuwe huweliksgoederebedeling kragtens die artikel ter wysiging van 'n bestaande huwelik in gemeenskap van goed is allereers 'n verdeling van die gemeenskaplike boedel soos by boedelskeiding en pas daarna begin die nuwe vermoënsregterelike bedeling werking geniet. Die argumentasie van die hof in *Ex parte Oosthuizen* wat tot dié gevolgtrekking voer, is juis (1990 4 SA 15 (OK)17E 18C–I 19F). Sou 'n egpaar selfs onderling ooreenkom op 'n afwykende verdelingsverhouding sal daar geen ander regsgrondslag vir die afwykende verdeling wees as dat dit op 'n vervreemding sonder teenwaarde deur die een aan die ander neerkom nie wat sekerlik skenkingsbelasting aantrek. Die artikel lui:

“en die hof *kan . . . gelas* dat daardie huweliksgoederebedeling nie meer op hul huwelik van toepassing sal wees nie en hulle magtig om 'n notariële kontrak te sluit *waardeur hul toekomstige huweliksgoederebedeling gereël word* op die voorwaardes wat die hof goedvind” (my kursivering).

Daar is geen aanduiding uit die uitspraak dat die hof rekening gehou het met dié aspek of met die polemiekie wat oor die nie-terugwerking van sodanige wysiging heers as die wysiging nie vir 'n gemeenskaplike boedel of vir aanwasdeling voorsiening maak nie. (Sien ook *Ex parte Krös* 1986 1 SA 642 (NK) en *Ex parte Burger* 1995 1 SA 140 (D) en vir die akademiese gesprek in die verband Heaton en Jacobs 1995 *THRHR* 513; Van Schalkwyk 1995 *De Jure* 443 en Sonnekus 1991 *THRHR* 133.) Die wetgewer verleen eenvouding nie in die artikel aan die hof die bevoegdheid om die bestaande vermoënsbedeling te ignoreer en vir die totale duur van die huwelik te vervang met 'n ander bedeling nie. Die blote inwilliging van die partye in *Lehmann* tot die voorgestelde wysiging van hul toekomstige huweliksgoedereregterelike bedeling sou dus geensins verseker dat

die mevrou nie tóg reghebbende van die helfte van die waardevolle gemeenskaplike boedel bly nie en verskaf dus geen uitweg uit die dilemma weens die verstekposisie wat volg op die erkenning van die huwelik as regs geldig nie.

Die vermeende bron van die hof in *Lehmann* se bevoegdheid om hoegenaamd sodanige bevel te kon verleen, is onduidelik. Die gemeenregtelike kenbronne bevat geen aanduiding dat enige hof 'n inherente bevoegdheid sou hê tot sodanige wysigingsbevele nie. Die afwesigheid van sodanige gemeenregtelike inherente bevoegdheid lê trouens aan die wortel van die noodsaak vir die wetgewer om hoegenaamd by wyse van artikel 21(1) van Wet 88 van 1984 voorsiening te maak vir wysigings aan die vermoënsregtelike bedeling *stante matrimonio*. As daar sprake van sodanige inherente bevoegdheid sou wees om 'n dergelike verklarende bevel te verleen, was die wetswysiging mos nie nodig nie.

Die enigste statutêre verwysing na 'n bevoegdheid van 'n hof om 'n ander vermoënsregtelike bedeling te gelas as waarop die partye tot 'n *geldige* huwelik in gemeenskap afgespreek het, hou verband met 'n artikel 20-aansoek wat nie in die geval toepaslik was nie. Artikel 20 van Wet 88 van 1984 kom ter sprake waar die hof deur één van die gades suksesvol genader is onder omstandighede waar dit redelikerwys blyk dat sy belange deur die optrede van die ander gade dreigend benadeel word en is die eweknie-bepaling van artikel 8 met betrekking tot aanwasdelende huwelike. (Die uitspraak in *Reeder v Softline Ltd* 2001 2 SA 844 (W) plaas egter 'n ernstige demper op die verwagting dat wesenlike regshulp langs dié weg bekom kan word – sien Sonnekus 2001 *De Jure* 614–627.) *In casu* het geneene van die gades die hof genader nie – wel die kurator van die *curandus*, maar die artikel is nie daarop van toepassing nie.

“20(1) 'n Hof kan op aansoek van 'n gade, indien hy daarvan oortuig is dat die gade se belang in die gemeenskaplike boedel deur die optrede of voorgenome optrede van die ander gade ernstig benadeel word of waarskynlik ernstig benadeel sal word, en dat ander persone nie daardeur benadeel sal word nie, die onmiddellike verdeling van die gemeenskaplike boedel in gelyke dele of op die ander grondslag wat die hof billik ag, gelas.

(2) 'n Hof wat 'n lasgewing kragtens subartikel (1) uitreik, *kan gelas* dat die gemeenskap van goed *vervang word* deur 'n ander huweliksgoederebedeling, onderworpe aan die voorwaardes *wat hy goevind*” (my kursivering).

Die wye bevoegdheid wat die wetgewer in artikel 20(2) aan die hof verleen om na goeddunke 'n vervangende nuwe bedeling te gelas, kom nie in die onderhawige geval ter sprake nie.

**8** Anders as wat die geval met minderjarige troulustiges is, skryf die Huwelikswet nie afsonderlik voor dat benewens die “normale” vereiste bystand wat vir die aangaan van 'n geldige vermoënsregtelike verbintenis benodig word óók die medewerking en instemming van die kurator as “voog” van die *curandus* vir die aangaan van laasgenoemde se huwelik benodig word nie. Die huwelik as statuswysigende gebeure sal dus *geldig* wees ook by ontstentenis van die kurator se medewerking en bystand mits die huweliksbevestiger hom vergewis het dat die partye bewus is van die aard van die regshandeling wat hulle voltrek (di wilsbevoegd is) en die gevolge daarvan begryp (a 30 van Wet 25 van 1961). Van geen huweliksbevestiger word verwag om soos 'n kwasieregsgeleerde die voornemende egpaar te ondervra oor hul regsinsig in die vermoënsregtelike gevolge van hul voornemende huweliksverbintenis nie – daar gelaat dat die weinigste self daarvoor klaarheid mag hê.

In die lig van die voorgaande word aanvaar dat die blondine in die bogemelde voorbeeld (in § 5) sonder veel beslommernis die plaaslike pastoor as huweliksbevestiger behoort te kan oorrede om hul huwelik in die teenwoordigheid van die ander inwoners van Huis Vergenoegd te voltrek. Daarmee tree die wetlike vermoënsregtelike gevolge van 'n huwelik in gemeenskap van goed sonder meer in aangesien dit steeds die verstek-huweliksgoederebedeling in die Suid-Afrikaanse reg is. Die bruid in die voorbeeld is danksy die wetlike verstekposisie dadelik die halwe onverdeelde reghebbende van die nuutgevormde gemeenskaplike boedel ten bedrae van R20 miljoen – en sy het slegs vir die liefde van die saak getrou.

**9** Duidelik is die ongemak met die huweliksluiting van die paar in die voorbeeld nie terug te voer na 'n afgunstigheid van 'n gemeenskap wat die paartjie geen geluk gun nie, maar hou in werklikheid verband met die wesenlike vermoënsregtelike bevoordeling wat die blondine danksy die huweliksluiting in gemeenskap van goed toeval, welke voordeel geaksentueer word deur die aansienlike omvang van die bruidegom se boedelbates. Indien die verstekposisie in die Suid-Afrikaanse reg sou wees dat die paar nie in gemeenskap van goed getroud is nie (soos wel die geval in byvoorbeeld die Duitse, Belgiese en na die jongste wetswysiging ook die Nederlandse reg is), sou daar geen outomatiese deling wees ten aansien van die reeds verworwe bates bloot weens die huweliksluiting nie en sou die huweliksluiting sonder meer as geldig geag word mits die partye maar net tot die bevrediging van die huweliksbevestiger die aard van die regshandeling begryp het. Die angel sit dus in die verstekbedeling wat die gemeenskaplike boedel met gepaardgaande ingrypende vermoënsregtelike gevolge outomaties meebring.

**10** In die geval van minderjariges wat sonder die nodige toestemming trou, bevat die tersake Suid-Afrikaanse wetgewing wel uitdruklike bepalings wat moontlik aanduidend kan wees van hoe die vermoënsregtelike posisie ook van ander voornemende gades hanteer behoort te word waar die nodige bystand ontbreek onder omstandighede waar dit aangewese mag wees, as die wetsbepalings meer volledig was. Artikel 24A van Wet 25 van 1961 bevestig dat sodanige huwelik nie sonder meer nietig is nie, maar hoogstens vernietigbaar mag wees en dan slegs mits die juiste applikant binne die voorgeskrewe tydperk 'n aansoek tot die oortuiging van die hoë hof bring. Dit kan daarop dui dat die huwelik van die *curandus* eweneens nie bloot weens die ontbrekende medewerking van sy *curator bonis* nietig sal wees nie en vermoedelik het regter Botha hom in *Lehmann* minstens onbewustelik daardeur ook laat lei.

Omdat die huwelik van die minderjarige sonder toestemming nie as sodanig nietig is nie, moet by ontstentenis van 'n andersluidende statutêre of ander regsvoorskrif ook die “normale” vermoënsregtelike gevolge van die huwelik intree.

Die wetgewer het in die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 'n verwysing na die vermoënsregtelike gevolge van sodanige huwelik wat nie weens ontbrekende toestemming ontbind is nie, ingesluit:

“Indien so 'n huwelik nie ontbind word nie, is die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik dieselfde asof die minderjarige ten tyde van die sluiting van die huwelik meerderjarig was en word enige huweliksvoorwaardes ingevolge waarvan die aanwasbedeling ingesluit is en wat met die oog op so 'n huwelik verly is, geag geldig verly te wees” (a 24).

Dié bondige voorskrif laat veel te wense wat klaarheid betref: Luidens die tweede sinsnede moet aanvaar word dat indien die minderjarige wél sonder

bystand só 'n notarieel verlyde huweliksvoorwaardeskontrak kon aangegaan het met die bedenklike medewerking van die onagsame notaris wat nie kennis geneem het van haar gebrekkige status nie, dit as geldig “geag” sal word. Dit impliseer dat 'n ander huweliksvoorwaardeskontrak wat nie aanwasdeling insluit nie, inderdaad nie as “geldig geag” kan word nie. Sodanige stereotipe huweliksvoorwaardeskontrak is dus nietig al is die huwelik geldig en al het dieselfde onagsame notaris die nietige kontrak behoorlik verly en laat registreer. Dán vind die eerste sinsnede van artikel 24 toepassing en is die huwelik sonder 'n geldig verlyde huweliksvoorwaardeskontrak dus 'n huwelik in gemeenskap van goed – dit is immers die gevolge wat by verstek aan 'n huwelik geheg word én die vermoënsregtelike gevolge van 'n minderjarige se huwelik word dán geag dieselfde te wees asof die partye meerderjarig was. Dit bly die geval ook indien die minderjarige die spreekwoordelike erfgenaam van die hotelmagnaat se miljoene is en die vermeende kavalier wat haar sonder toestemming getrou het, danksy dié regsvoorskrif ryklik vir sy moeite beloon word.

**11** Die wetgewer sou moontlik kon oorweeg om die regsposisie juis in die lig van die verlaagde meerderjarigheidsgrens te hersien want die implikasie van die tydsbeperking vervat in artikel 24A van Wet 25 van 1961 is dat nóg die ouers (of voogde) van die troulustige minderjarige nóg die voormalige minderjarige self ná drie maande nadat die minderjarige agtien jaar oud geword het die hof om die uitoefening van sy bevoegdhede vervat onder subartikel 24A(1) kan nader om die huwelik te ontbind:

“kan dit deur 'n bevoegde hof op grond van die gebrek aan toestemming *ontbind word indien* aansoek om die ontbinding van die huwelik gedoen word

- (a) deur 'n ouer of voog van die minderjarige *voordat* hy meerderjarigheid bereik *en* binne ses weke vanaf die datum waarop die ouer of voog van die bestaan van die huwelik bewus word; of
- (b) deur die minderjarige *voordat* hy meerderjarigheid bereik *of binne drie maande* daarna” (my kursivering).

**12** Indien die hart van die gelukkige bruidegom in die laaste voorbeeld nie kan tred hou met sy nuutgevonde geluk nie en hy helaas na 'n maand die ondermaanse met 'n laaste glinster in die oog verlaat, staan die jong weduwee sekerlik ook 'n goeie kans om as langsliewende gade alles te erf indien die erflater voor sy dood sy vorige testament herroep en 'n nuwe verly het en haar as enigste erfregtelike bevoordeelde benoem het – ter uitsluiting van sy kinders en kleinkinders uit sy vorige huwelik. (In *Lehmann* het die bruidegom inderdaad by wyse van sy nuwe testament sy bruid as primêre begunstigde benoem kort voor sy afsterwe.)

Die testeerbevoegdheid van die testateur word in die Suid-Afrikaanse reg geensins ingeperk met die benoeming van 'n *curator* vir die *curandus* nie. Die Wet op Testamente 7 van 1953 vereis steeds net dat die testateur sestien jaar of ouer moet wees en wanneer hy die testament maak nie verstandelik onbekwaam moet wees om die aard en uitwerking van sy handeling te begryp nie. Die bewyslas dat hy op daardie tydstip verstandelik onbekwaam was, rus op die persoon wat dit beweer (a 4) – en die gerapporteerde regspraak hier en in Engeland bevestig dat dit 'n uiters lastige bewyslas is. (Sien Sonnekus “Testamentsvervalsing en wilsonderskuiwing van verswakke bejaardes” 2001 *TSAR* 357–370.) Die blote feit dat die testateur 'n *curator bonis* gehad het, is alleenstaande nie voldoende om dié bewyslas te kwyt nie. Die testateur hoef immers nie handelingsbevoegd

te wees nie (daarom kan kinders van 16 testeer) en die *prima facie* beperking van die *curandus* se handelingsbevoegdheid ná die benoeming van die *curator bonis* as bewindvoerder is nie deurslaggewend nie (sien Sonnekus “Testeerbevoegdheid, herroeping van ’n testament en kuratele sorg” 2004 *Stell LR* 450–463; “Testeervryheid’ as leidende beginsel vir die erfreg – die reël *coacta voluntas* . . . en probleme weens verouderende testateurs” in Swennen en Barbaix (reds) *Over Erven – Liber Amicorum Miekien Puelinckx-Coene* (2006) 431–455).

**13** Hoewel eerder aangetoon is dat daar ruimte is om in die geval van testing deur ’n persoon onder kuratele of bewind wel met tussenkoms van ’n senior regter van die hoë hof in te gryp indien die verstekposisie weens bepaalde omstandighede té onbillik sou werk, is ’n wysiging aan die bestaande verstekposisie wat die huweliksvermoënsregtelike aspek betref makliker haalbaar.

’n Klaarblyklik billiker vermoënsregtelike posisie, wat enige kans op ’n onbehoorlike baattrekking deur ’n slinkse verleier van ’n persoon met beperkte oordeel of handelingsbevoegdheid sou kortwiek, lyk aangewese. *De lege ferenda* word voorgestel dat by enige sodanige huweliksluiting – waar op die ou einde die huwelik as statuswysigende gebeure intak gelaat word onder andere uit respek vir die inherente kompetensie en mensereg van die individu om te mag kies om te wil trou – die verstekvermoënsregtelike posisie *nie* in werking tree nie, maar die huwelik as met koue uitsluiting geag word *tensy* by die eventuele ontbinding van die huwelik die hof op versoek oortuig word dat ’n ander bedeling tot die voordeel van die eertydse *curandus* of minderjarige persoonlik (en nie alleen sy boedel of skuldeisers nie) sou wees.

Sodanige aanpassing van die regsposisie is myns insiens verkieslik bô hetsy die daarstel van ’n vrye diskresie aan die hof om in alle gevalle van ouetjies met geringe demensie wat troulustig raak namens die *curandus* ’n huweliksvoorwaardeskontrak te versin in weerwil van die reg se afkeer aan die gedagte dat die hof namens regsobjekte vir hul ’n kontrak kan opdring waartoe geen wilsoreenstemming verkry kan word nie óf om star dié burgers die vreugde van huweliksluiting te ontsê.

JC SONNEKUS  
*Universiteit van Johannesburg*